# Ware vreugde is om te WANDEL in die wet!

**Donderdag 3 Februarie 2022**

## Ps 119:35,40

"Laat my **wandel** volgens u gebooie, want daarin vind ek **vreugde**.
Ek wil u bevele nakom. Hou my in die lewe, want U is getrou."

Wandel kan ons ook verstaan en vetaal met lewe. As christene wil ons lewe tot eer van God. Alles wat ons is en dink en doen wil ons tot eer van God doen. Maar dit is moeilik. Want om te lewe vereis dat ons daagliks moet werk sodat daar kos op die tafel is, 'n huis en bed om in te slaap. Om te lewe beteken dat ons in hierdie lewe moet besig moet wees.

Die vrae is egter…

- Hoe is ons besig?
- Hoe is ek besig om te lewe?
- Hoe is ek besig om te wandel?

Lewe jy maar soos wat jy wil en elkeen van ons verskil? Lewe jy maar soos wat dit vir jou lekker en goed en aangenaam is? Werk jy maar soos wat jy dink dit is goed en reg?

Dit is juis waaroor dit hier gaan. Die Psalmdigter vra dat die Here hom sal leer om te lewe, te wandel volgens God se gebooie. M.a.w. jou werk en jou slaap en jou speel om dit te doen tot eer van God.

Om tot hierdie insig te kom van wat God wil, lê nie in jou eie krag en vermoëns nie. Die Heilige Gees moet ons daarin begelei en daartoe lei. Dit help nie ons ken die tien gebooie uit ons kop en kan alles opsê, maar dit vind nie grond in jou doen en late nie.

Om daarom te wandel volgens God se gebooie, beteken ook om biddend te vra, dat God ons sal lei daarin. En dit gebeur vir die christen direk deur die Woord wat gelees moet word, en jou gebede dat die Heilige Gees jou sal lei tot insig en verstaan van God se gebooie.

Juis in vers 36 bely die Psalmdigter dat ons dikwels 'n begeerte het na selfverryking. So dikwels jaag ons baie besittings na, vir 'n gemaklike lewe. Ons wil so graag op aarde ryk wees en gemaklik lewe dat ons vergeet hierdie is maar net 'n tydelike lewe. Die ewige lewe, die ewige skatte, is by God alleen te vind in die hemel. Die aarde is ons woning nie.

Dit is wanneer God jou lei dat jy vol is van die Here, vol van sy gebooie, vol van liefde vir Hom en jou naaste dat jy **VREUGDE** daarin vind om volgens die gebooie van God te lewe. Dan is werk ook nie moeilik of swaar nie.
**Ware vreugde** is te vinde in gehoorsaamheid aan God en om sy gebooie na te kom.

Daarom lees ons so mooi wat Agur in **<u>Spreuke 30:7-9</u>** bid:
**7** "Net twee dinge vra ek van U; moet my dit tog nie weier nie; daarna kan ek sterf: **8** moenie toelaat dat ek vals is en lieg nie; moet my nie arm maak of ryk nie, gee my net die kos wat ek nodig het, **9** sodat ek nie te veel het en U verloën en sê: "Wie is die Here?" nie, en sodat ek nie arm word en steel en my God se Naam oneer aandoen nie."

- Kom ons vind dan vreugde daarin om te WANDEL in die Here se gebooie!
- Kom ons kom sy gebooie na en leef voluit tot sy eer!

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com***